NOTULE VAN DIE MAANDVERGADERING GEHOU OP 10 MAART 2014 BY DIE NG GEMEENTE MOOTVALLEI, H/V LOUIS TRICHARDTSTRAAT EN MORGANLAAN, PARKTOWN.

Voorsitter	Sekretaris	Tesourier
DD Fourie	Ingrid Weyer	L E Weyer (waarnemend)
Tel 012 5671776	012 3452617	012 3452617
0713540190	0828574130	0823544218
etreziaf@gmail.com	liweyer@mweb.co.za	

1 Verwelkoming

Les Weyer open die vergadering met gebed.

1.1. Teenwoordig: Dave Fourie, Les Weyer, Ingrid Weyer, Sias Spangenberg, Neville Greyling en Minky van Dyk.
1.2. Verskoning: Ds Jan Botha, Robert Heunis, Tommie Kibaya, Francois du Preez, Sumael Erasmus, Buks Grobbelaar, Sarel Myburgg,.

2. Nuwe lede

Minky van Dyk het kanaries. Dr Duncan Prinsloo het Yorkies en oorweeg om aan te sluit.

3. Lief en leed.

Sias gaan op 27 Maart 'n heupvervanging ondergaan. Herman Groenewald stuur groete.

4. Fondsinsameling:

Staan oor tot volgende maand.

5. Bevestiging van die notule van die vorige vergadering.

Die notules word aanvaar.

6. Sake voortspruitend:

6.1 Jongvoëlskou. Die datum word bepaal: Saterdag 10 Mei.

- Die afdak op die plot by die stellasies sal gebruik word. Daar is plek vir 300+ voëls. Dries het intussen versoek dat die jongvoelskou eerder in 'n saal gehou word en dat die stellasies by Gloster en Posture Klub geleen word.
- Fred Barnicoat het ingestem om al die Aviary Birds te beoordeel en Nico van Niekerk sal die Glosters beoordeel.
- Lede word versoek om trofees terug te bring. Die Yorkies se trofee is by Dr Coetzer in Bela Bela en kan afgehaal word. Dries het moontlik Red Factor trofees en Herman het moontlik ook SA trofees.
- Sias het rosette en die middelstukke word gedruk.
- Die skoukomitee sal binnekort vergader.

6.2 **Ringe**: Tesourier versoek dat bestellings, streng vooraf betaal, so spoedig moontlik geplaas word. Hy wag bestelvorms in.
6.3 **Rooikos.** Tesourier het 1 Kg bestel. Houers sal steeds @ R90 verkoop word. Rooikos kan elke dag tydens die verveertyd toegedien word – in die water of op die sagtekos.

7.Finansiële verslag

- Volledige state aangeheg, en verslag word aanvaar .

8. SANCBA

Die notule van die vergadering van 2 Maart is aangeheg.
Die Nasionale Skou in 2015 word deur Central aangebied.
Daar is 'n nuwe klub in Durban: Durban Bird Breeders' Club
PCBC benoem ampsdraers vir die SANCBA vir by die konferensie in Juliemaand: President: Peter Brummage; Vise-President: Arrie du Toit; Sekr/Tesourier: Herman Groenewald.

9. NRCBA

- Die notule van die vergadering van 2 Maart is aangeheg, en op die webwerf.
- Les Weyer word verkies as vise-voorsitter tydens die AGM
- 'n Staatskoerant van 96 bladsye is gepubliseer vir bespreking waarin indringer voels, plante gelys word wat tot niet gemaak moet word.
- 'n Handleiding vir die Benchabird program vir die aanbied van skoue word opgestel
- Versoek dat daar rekord/statistiek van broeisuksesse gehou word. Daar is geen record beskikbaar van hoeveel voels geteel word nie.
- Die stokperdjie moet wyer bekendgestel en meer gewild gemaak word.
- Vrywilliger om die "Hall of Fame" van skou prestasies by te hou.

10.Korrespondensie
Etlike e-posse is ontvang en aan lede uitgestuur.

11. Algemeen
11.1 Sias maak sagtekos aan wat hy te koop aanbied teen R35 per Kg. Dist e koop in 2Kg pakke.
11.2 Sias het verskeie broeikaste vir kanaries te koop.
11.3 Mark Meuhl by Kroondal het Jap Millet @R7.50 per Kg te koop.
11.4 Jock Wolf het Wit Millet @ R350 per sak van 50Kg te koop.

12.**Afsluiting**
Die volgende vergadering word beplan vir 14 April 2014 om 19:00.

Voorsitter **Datum**